# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (16/19)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 19 April 2019*

***"Easy is not an option…. No days off. Never quit. Be fearless. Talent you have naturally; skill is only developed by hours and hours of work" Usain Bolt***

## SITRUS LEGENDE- DIE ONTSLAPE GERRIT VAN DER MERWE

Hierdie Legende sal altyd onthou word vir 'n vonkel in sy oog en 'n "can do" houding. Wanneer daar 'n uitdaging was, het hy dit nie net aangepak nie, hy het dit gestorm om dit uitsorteer te kry. Hierdie Legende moes bekend gestaan het as "Mnr. Samewerking" - hy het vas geglo dat dinge wat saam gedoen word beter is as wat dit alleen gedoen word - en hy het die leierskapvermoë en deursettingsvermoë gehad om ander dit te laat glo. Hy was 'n stigterslid van Sitrus Suid-Afrika - 'n produsente organisasie wat gepoog het om dissipline in 'n dereguleerde omgewing te skep. Hierdie Legende word beskou as die vader van Suid-Afrikaanse sitrusuitvoere na die VSA. Hy het 'n leidende rol gespeel in die verkryging van die oorspronklike toegang. Eens toegang verkry is, het hy die waarde van om saam te werk, besef - as 'n stigterslid en voorsitter van wat nou bekend staan as Summer Citrus. In die vroeë jare het hy nou met die Australiese bedryf saamgewerk (destyds die enigste ander suidelike halfrond sitrusproduserende land met Amerikaanse toegang) om verantwoordelike en ordelike bemarking in die VSA te bevorder. Hy het baie na en deur die VSA gereis, om te verseker dat die Amerikaanse program oplewer wat die kopers verwag en wat die produsente vereis. Onder sy toesig het Suid-Afrikaanse volumes na die VSA van 200 000 kartonne in 1998 tot sowat 4 miljoen vandag toegeneem. Gedurende krisistye het hierdie Legende kalm gebly, aan oplossings gewerk wat baie nie aan gedink het nie of onmoontlik geag het. Vir hierdie Legende was niks onmoontlik nie.

Ek twyfel of daar enige ander sitrusfamilie is wat die herkoms van hierdie Legende het - sy familie het sedert 1750 op hul plaas geboer. Hulle boer nou op 900 hektaar sitrusboorde. Met 'n leerstelling van inklusiwiteit, is die plaas op werkskepping en gemeenskapsopheffing gefokus - werkers word na omgesien vanuit 'n opvoedkundige, mediese en sosiale oogpunt. Deur sy Fairtrade-akkreditasie, en vanuit sy eie hulpbronne, het hierdie Legende diegene wat 'n band het met sy boerderyondernemings, ondersteun. Sy boerdery-onderneming het in 2010 aan hom die Agriwriters Boer van die Jaar-toekenning besorg. Hierdie Legende het sy deure en sy huis vir almal oopgemaak - en almal wat besoek het, was regtig welkom. Hy was besonder trots op sy boerderyonderneming en op sy kinders wat by hom op die plaas aangesluit het. Hy was 'n wonderlike oupa en liefdevolle man vir Lizette. Hy word in besonder onthou vir sy sêgoed: "Moenie 'n goeie storie met feite opmors nie" of "Jy gaan eendag net so dom wees soos ek" en "Ons bly eers stil en kyk wat hul ons aanbied". Hierdie woorde en nog baie meer beeld 'n man uit met 'n ongelooflike sin vir humor, 'n liefde vir almal en 'n groot avonturier. Hierdie Legende het gesterf terwyl hy gedoen het waarvoor hy die liefste was – verkenning van Afrika.

Hierdie Sitrus Legende is oorlede Gerrit van der Merwe.

## AGRI'S GOT TALENT

Die CGA is 'n trotse borg van Agri's Got Talent 2019! In sy 6de jaar is die sangkompetisie- en lewensvaardigheidsprogram vir landbouwerkers in die vrugte- en wynbedrywe 'n uitstekende geleentheid om werknemers voor te stel en hul talent te wys! Kom ons wys hulle Span Sitrus kan sing!

Besonderhede oor hoe om in te skryf sal binnekort aan alle produsente gestuur word, en ek moedig julle almal aan om dit uit te druk en beskikbaar te stel aan almal wat belangstel om deel te neem.